

eGGSA Jaarverslag 2006

Inleiding:

eGGSA het weer 'n opwindende jaar beleef, met veral ons fotoprojek en ons argiefdokument bewaringsprojek wat ons op ons tone gehou het. Ons het ook 'n baie goeie jaar gehad in terme van werwing van nuwe lede asook die behoud van bestaande lede.

Ons was aan die begin van die jaar van mening dat ons produkverkope nie so sterk as in 2005 sou wees nie, en dit is dan ook bewaarheid. Die produkte van instansies anders as GGSA het egter steeds 'n stewige bydrae gelewer, met 'n wins van R3,160 op 'n omset van R15,425. Verkope van GGSA produkte was ook laer as in 2005.

As ons egter kyk na ons ledegroei asook die dienste wat ons bied, was 2006 'n besonder goeie jaar. Teen jaareinde het die eGGSA **298** lede gehad. Dit het weer goeie groei verteenwoordig vanaf 2005 se jaareinde syfer van 265 lede. Ons het 'n groot persentasie van ons 2005 lede behou, en ook daarin geslaag om 'n aantal mense te betrek wie nie voorheen by die genootskap of by genealogie betrokke was nie.

Ons lede is in 'n klompie buiteposte van die wereld te vinde, hoewel ons steeds 'n gesonde ledetal binne SA het – en soos in vorige jare is 'n aantal van ons RSA lede ook lede van ander takke.

Distribusie van ons lede:

	2005	2006
In RSA, lid van eGGSA alleen :	81	108
in RSA, ook lid van 'n ander tak :	102	114
VSA :	25	22
Aus/NZ :	31	26
Europa :	26	28

Net meer as 57% van ons lede is manlik (170 vergeleke met 128). Die getal Afrikaanssprekende lede het die afgelope jaar sterk toegeneem en verteenwoordig tans sowat 56% van ons ledetal.

Projekte:

Argiefdokumente bewaringsprojek

Een van die drie projekte wat eGGSA hierdie jaar geloods het was om spesifieke argiefvolumes wat reeds ernstig beskadig en onttrek is of wat op die punt staan om onttrek te word, te fotografeer en digitaal beskikbaar te stel, beide aan die genealogiese publiek en aan die argiewe. Die argiewe sal die digitale weergawes dan gebruik i.p.v. die oorspronklikes, wat sal bydra tot die bewaring van sodanige argivale bronne. Die eerste volume wat so op cd beskikbaar gestel is, is MOOC 13/1/1. Die CD bevat sowat 700 beelde in hoë resolusie en het 'n baie goeie ontvangs gehad, en het voldoende fondse gegeneer om met die volgende volume te begin - MOOC 7/1/1 en 7/1/2, met sowat 1200 fotos.

Fotodiens

eGGSA het ook 'n diens aan GGSA lede beskikbaar gestel waar fotos van dokumente in 'n aantal argiewe teen besondere lae koste geneem kan word. Die lede stel dan op hul beurt hierdie fotos gratis beskikbaar aan die eGGSA se Aflaibiblioteek. Hoewel hierdie projek in 2006'n klein wins gegeneer het, is die grootse voordeel van die projek die beskikbaarstelling van 'n groot aantal dokumente aan lede sowel as nie-lede. Sowat 4000 sterftetekennisse en verwante dokumente is reeds beskikbaar gestel, met verskeie nog in die proses van verwerking. Ons bied tans hierdie diens aan in die TAB, KAB en VAB, en die NAB behoort vroegjaar ook by dié groepie gevoeg te word.

Grafsteenfoto projek

Ons derde baie suksesvolle projek is die beskikbaarstelling op ons webblad van geïndekseerde/kruisverwysde grafsteen-inskrywings in ons Aflaibiblioteek. Die projek het aanvanklik stadig van die grond gekom maar met die bydrae van twee groot versamelings van sowat 25,000 fotos het ons databasis baie vinnig gegroei. Ons het ook met die SAGenealogie besprekingsgroep se bestuur

saamgewerk om van die beelde wat hulle op 'n ander databasis bekikbaar gehad het, te bekom en een sentrale bron daar te stel. Hierdie oordraproses is nog nie voltooi nie.

Ten einde te verseker dat elke foto op die eGGSA se foto-databasis in 'n soekbare en geïndekseerde formaat opgeneem word, werk sowat 20 vrywilligers tans onder leiding van een van ons Switserse lede - *Gail Rothlin* - aan die benaming van al die fotos, en onder haar bekwame leiding vorder die projek fluks. Daar is tans bykans 17,500 items in die grafsteenfoto databasis.

eGGSA webblad:

Soos uit bostaande projekte afgelei kan word, is ons besig met 'n reuse uitbreiding van ons webblad. Ons moes reeds verskeie kere die afgelope jaar addisionele stoorkapasiteit sowel as geheue huur om by die groei in volume te probeer hou.

Die projek wat in 2005 geloods is om 'n aantal transkripsies gratis via die webwerf beskikbaar te stel is ook verder uitgebrei met o.a. die transkribering van die Kerkregisters van die NG gemeente Kaapstad vir die periode 1665-1695

Ons het ook in 2005 begin om 'n aantal aflaaibare PDF boeke beskikbaar te stel en hierdie mini-biblioteek is nou uitgebrei na 8 boeke insluitende die Duvenage boek, die "Nageslag van Johannes de Waal", Lotter se "Uit de Oorlog" en Pienaar se "With Steyn and de Wet".

Vanwee die groei in kapasiteit sowel as die verwagte toekomstige groei sal ons weerens in 2007 indringend moet kyk na die uitbreiding van ons webwerf ten einde te verseker dat ons steeds 'n hoë-gehalte, vinnige-deurset diens aan ons lede kan bied.

genesis:

Een van die voordele wat ons lede geniet is ons kwartaallikse tydskrif *genesis*. *Anne Lehmkuhl* het weer haar hulp aangebied as redakteur.

Sommige van die artikels wat hierdie jaar in *genesis* publiseer is, sluit in:

- Illustrating your family history
- Dating photographs for SA family historians
- Die Herinneringe van stamvader Hoogenboezem
- The Cronje letters: Boer Correspondence in 1881
- The Lötter genes

Ons het ook in 2006 die uittreksels uit die dagboek van Jacobus Wille voortgesit, en die finale uittreksel behoort vroeg in 2007 te verskyn.

Verkoopsooreenkomste:

Al ons verkoopsooreenkomste is hernu en ons het ook twee nuwe ooreenkomste aangegaan wat gelei het tot die beskikbaarstelling van die volgende cd's:

- Drakensteinse doop- en huweliksregisters
- Bibliographies of Bondage

Ons (sowel as ons verskaffers) het soos bo genoem, 'n baie suksesvolle jaar met die reeks genealogiese en kultuurhistoriese cd's gehad – die mees suksesvolle cd's was:

- 22 * Palmkronieke 1 (Doopteregisters)
- 19 * Drakensteinse Doop- en huweliksregisters
- 16 * 1820 Setlaars
- 14 * Palmkronieke 2 (Kerkgeskiedenis)

Die verkope van R15425 het 'n wins van R3160 gelever. Hoewel dit effens laer was as die vorige jaar was dit nogtans 'n goeie resultaat.

Verkope van GGSA produkte:

Die verkope van GGSA produkte het ongelukkig afgeneem gedurende 2006. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die nie-beskikbaarheid van die Begraafplaas 4 cd – verskeie bestellings is gekanselleer as gevolg hiervan. Die drie beste verkopers was die weergawe 3 Begraafplaas cd (32), Familia met 22 en die Van Wyk cd met 15.

Finansies:

Die toename in ons ledetal en die styging in die subskripsies vir genesis het 'n positiewe invloed op ons finansiële posisie gehad. Teen jaareinde het die eGGSA 'n batige saldo van R25073.28, met geen krediteure nie. Dit vergelyk met 'n saldo van R16981.93 aan die einde van 2005.

'n Opsommende stel finansiële state is hierby aangeheg.

Vooruitsigte vir 2007:

In verlede jaar se vooruitskouing is gemeld dat ons as organisasie sal moet aanhou innoveer en ons dienste aan ons lede steeds moet verbeter. Ons is van mening dat ons grootliks hierin geslaag het deur die nuwe projekte wat ons geloods het sowel as die uitbreiding van bestaande projekte. Ons kan egter nie op ons louere rus nie en moet steeds soek na nuwe uitdagings.

Soos in die verlede is die grootste struikelblok wat op ons pad lê die tekort aan vrywilligers. Hoewel genealogie in 'n sekere mate oor geraamtes gaan, kan ons nie met 'n geraamte-bestuur voortgaan nie. Ons was baie gelukkig om 'n aantal mense te kry wat bereid was om met die fotoprojek en die graf-inskrywingsprojek te help, maar dit was 'n uitsondering. Daar is heelwat kleiner projekte of onderdele van projekte waarmee ons voortdurend hulp sal nodig hê, en ons vertrou dat meer mense in 2007 na vore sal tree om ook 'n bydrae te lewer in die uitbreiding van *ons* eGGSA.

eGGSA het in die paar jaar sedert ons stigting met rasseskrede gegroei. Hierdie groei sou nie moontlik gewees het sonder die insette van die onderskeie bestuurslede en ander vrywilligers nie, en aan hierdie bittereinders (en julle families!) wil ek se: Dankie vir julle harde werk, vir die hulp en ondersteuning wat nodig was in hierdie groeifase - sonder julle samewerking sou ons nie aan ons lede die diens kon lewer wat hulle toekom nie.

Colin Pretorius

eGSSA Income and expenditure statement 2006		
	Rand	Rand
Income		55,512.08
Membership fees: 2006	4,890.00	
Membership fees prepaid for 2007	1,875.00	
genesis subscriptions	6,450.00	
Interest received	146.78	
Project Income:	9,113.30	
- Archive volume project	1,560.00	
- Photo sales	7,553.30	
Articles written by eGSSA members	40.00	
Funding for Acrobat	2,885.00	
Income from sales of GSSA products	14,210.00	
Income from sales of non-GSSA products	15,425.00	
Additional income from sales	477.00	
Expenditure		47,420.73
Bankfees	348.50	
Internet banking fees	587.03	
Postage	729.92	
Marketing costs	2,607.50	
Software	4,385.00	
Website fees	2,345.00	
Telephone fees	477.68	
AGM subsidy	805.00	
Project expenses	9,295.30	
- Archive volume project	1,120.00	
- Photo project	7,175.30	
- Aardklop	1,000.00	
Cost of sales: GSSA products	13,575.00	
Cost of sales: non-GSSA products	12,264.80	
Nett Income:		8,091.35

eGSSA Assets & Liabilites statement 2006		
Assets:		25,073.28
Cash in bank on 31/12/06	25,073.28	
Debtors	0.00	
Liabilities		0.00
Creditors:		
- GSSA National	0.00	
Nett Assets:		25,073.28